



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n woord uit elke lys woorde hieronder wat NIE by die ander woorde pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Agnostisisme; naturalisme; hermeneutiek; humanisme (2)

1.1.2 Brahma; Modimo; Allah; Apokriewe (2)

1.1.3 Shruti; Theravada; Upanishads; Smriti (2)

1.1.4 Talmoed; Baha'i, Islam; Boeddhisme (2)

1.2 Skryf TWEE feite oor elk van die volgende begrippe in die konteks van godsdiens:

1.2.1 Goue reël (4)

1.2.2 Godheid (4)

1.2.3 Misjna (4)

1.2.4 Vergelykbaarheid (4)

1.2.5 Uniekheid (4)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede vir elke antwoord.

1.3.1 Die Eucharistie/Nagmaal is 'n ritueel wat ter nagedagtenis aan die voorvaders gehou word. (4)

1.3.2 Die interpretasie van normatiewe bronne vind slegs in die Abrahamitiese gelowe plaas. (4)

1.3.3 Die filosofie van Karl Marx bevat sommige godsdienstige oortuigings wat deel vorm van die Ortodokse vertakking van die Christendom. (4)

1.4 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. MOENIE 'n antwoord meer as EEN keer gebruik nie. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Eerste vyf boeke van die Ou Testament | A | Desiderius Erasmus |
| | | B | Sharia |
| 1.4.2 | Die neem van besluite uit 'n posisie waarin 'n persoon weet wat die gevolge van sy/haar aksies sal wees | C | Kitáb-i-Aqdas |
| | | D | Meditasie |
| 1.4.3 | 'n Wye verskeidenheid spirituele oefeninge wat onderneem word om godsdienstige resultate te behaal | E | Tora |
| | | F | Sinkretisme |
| 1.4.4 | Heilige teks wat uit 'n versameling wette en leringe bestaan | G | Siddhartha Gautama |
| 1.4.5 | Afrika Geïnisieerde Kerke (AGK) | | |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Skryf TWEE feite oor elk van die volgende begrippe soos hulle op die studie van godsdienste van toepassing is:

2.1.1 Moksha (4)

2.1.2 Kanon (4)

2.1.3 Mite (4)

2.1.4 Vergelyking (4)

2.1.5 Identiteit (4)

2.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Afrika Tradisionele Godsdiens word gedefinieer as die inheemse godsdienste van Afrikane. Dit word van een generasie na die volgende oorgedra deur die voorsate. Dit is nie net 'n godsdiens van die verlede nie, maar 'n godsdiens wat Afrikane vandag hul eie gemaak het deur dit uit te leef en te beoefen.
>
> [Vertaal uit *Shuters Religion Studies*, J Hofmeyr et al.]

2.2.1 Beskryf kortliks VYF unieke kenmerke van Afrika Tradisionele Godsdiens. (10)

2.2.2 Noem VIER interne verskille binne Afrika Tradisionele Godsdiens. (8)

2.3 Bespreek die unieke kenmerke van die Baha'i-geloof. (12)
**[50]**

### VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Baie mense wat hulself steeds vaagweg met die godsdiens waarin hulle as kinders grootgemaak is, vereenselwig, leef eintlik passiewe sekulêre lewens. Hulle kan steeds hul godsdiens se hulpbronne gebruik vir belangrike deurgangsrites, soos troues en begrafnisse, maar tussenin word hulle amper nooit in 'n kerk, moskee, sinagoge of tempel gesien nie. Hulle glo nie regtig in enige godsdiens nie, maar beskou dit as deel van hul kultuur.
>
> [Aangepas en vertaal uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

3.1 Stem jy met die uittreksel saam? Gee VYF redes vir jou antwoord. (10)

3.2 Die volgende is vyf van die kenmerke van sekulêre humanisme. Verduidelik hoe elkeen die mensdom se vertroue in sy eie magte versterk.

3.2.1 Skeiding van kerk en staat (4)

3.2.2 Godsdienstige skeptisisme (4)

3.2.3 Etiek gebaseer op kritiese kennis (4)

3.2.4 Vrye ondersoek (4)

3.2.5 Wetenskap en tegnologie (4)

3.3 Gee VYF redes waarom Suid-Afrika as 'n sekulêre staat beskryf word. (Dink aan wat jy van ons Grondwet en Handves van Menseregte weet.) (10)

3.4 Noem DRIE kenmerke van 'n godsdienstige dogma en gee TWEE voorbeelde uit enige godsdiens. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDIADEKKING VAN BELANGRIKE PUBLIEKE SAKE MET GODSDIENSTIGE IMPLIKASIES**

Die media speel 'n belangrike rol om die publiek in te lig oor wat in die samelewing gebeur. Dit het 'n plig om inligting op 'n onbevooroordeelde manier aan te bied.

Omdat artikels deur individue met persoonlike opinies geskryf word, kan hierdie opinies die lesers oor belangrike sake beïnvloed. Twee hoogs sensitiewe kwessies waar publieke opinie baie kan verskil, is politiek en godsdiens.

[Vertaal uit *Focus Religion Studies*, p. 88]

4.1 Dink jy die Suid-Afrikaanse media gee regverdige dekking van godsdienste? Gee redes vir jou antwoord. Gee TWEE voorbeelde uit die media om jou argument te ondersteun. (10)

4.2 Watter aspekte van godsdiens dink jy kry die meeste mediadekking? Gee VYF redes waarom jy dink dit gebeur. (12)

4.3 Wat is die rol van geloof/oortuigings in die volgende godsdienste?

4.3.1 Christendom (4)

4.3.2 Hindoeïsme (4)

4.4 Noem VYF algemene oortuigings wat die drie Abrahamitiese gelowe deel. (10)

4.5 Bespreek kortliks die interne verskille wat binne die Boeddhistiese godsdiens bestaan. (10)
**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Godsdiens word dikwels as die oorsaak van konflik in baie dele van die wêreld beskou. Kies TWEE sulke konflikte uit die twintigste eeu en later, en bespreek die rol (indien enige) wat godsdiens in elkeen speel. (20)

5.2 Uit die verskillende godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek ENIGE VYF relevante leringe wat godsdienstige vryheid beklemtoon. (20)

5.3 Gee VYF voorbeelde van godsdienstige leringe wat die balans tussen menseregte en pligte beklemtoon. (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou